

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die Loopbaanvoorkeurvraelys is in die onderhawige studie ontwikkel. Die breë hoofdoel van hierdie studie was om 'n beroepsbelangstellingsvraelys op te stel wat moontlike beroepsvoorkeure of -belangstellings van leerders op graad 9- tot 12- vlak kan identifiseer, die resultate kan integreer met 'n breër ondersteuningstelsel vir loopbaanbesluitneming deur middel van sinvolle koppeling aan beroepe, en sodoende as 'n soekstrategie dien om beroepsinligting te kan ontsluit. Die spesifieke doelwitte van die studie was om die inhouds- en konstruktorgeldigheid asook die betroubaarheid van die vraelys te ondersoek, sowel as om die struktuur van belangstellings onder die loep te neem.

6.1 INHOUDSGELDIGHEID VAN DIE LOOPBAANVOORKEURVRAELYS

Die inhoudsgeldigheid van die vraelys is op drie maniere hanteer. Eerstens is die vraelys gekonstrueer teenoor 'n duidelike toeretiese raamwerk, naamlik dié van Holland. Daarna is ses deskundiges in die loopbaansielkunde ingespan om volgens hulle menings, kennis en ervaring elke item te beoordeel. Hulle taak was om die items in spesifieke velde te sorteer. Minstens vier van die vyf deskundiges moes ooreenstem met betrekking tot die plasing van 'n spesifieke item alvorens die item aanvaar kon word. Elke item is dus beoordeel volgens die relevansie daarvan vir die spesifieke konstruk wat dit veronderstel is om te meet. Deur middel van hierdie metode is aandag geskenk aan inhoudsgeldigheid.

Die paneel het aangedui dat die sortering van relevante items van die volgende velde duidelik was: P₁, P₂, W₁, W₃, A₁, A₃, S₁, S₃, B₁, B₂, B₃ en K₂. Die items van velde P₃, W₂, A₂, S₂, K₁ en K₂ wat in ander velde geplaas is, is dienooreenkomstig aangepas om sodoende te poog om die inhoudsgeldigheid daarvan te verhoog voordat die volgende toepassing van die vraelys geskied het. Dit wou voorkom asof die Medies-Wetenskaplike aktiwiteite wat deur items in die W₂-veld gereflekteer word, nie in isolasie met betrekking tot die Sosiale komponent staan nie. Die aanduiding van die

deskundiges ten opsigte van twee items in hierdie verband, asook die faktorontledingsresultate, het dit bevestig. Hierdie veld het baie duidelik as 'n Medies-Mens gerigte konstruksie gerealiseer. Dit is ook bevestig deur die hoë korrelasies van die S_2 -veld (Verpleging en Versorging) met die W-veld.

Die resultate van die opvolgende itemontledingsproses, nadat sekere items aangepas is, het getoon dat die r_{it} -waardes van al die items vir die universum hoër as 0,20 en gevolglik aanvaarbaar is. Slegs items 27 en 28 (W_1 , -veld) se r_{it} -waardes was laer as 0,20 vir manlike Engels tweede taalsprekers. Die taal moelikhedgraad van die terminologie vervat in beide die items, of die onbekendheid van die aktiwiteite wat beskryf word, kan as moontlike oorsaak dien vir hierdie verskynsel.

Deur middel van die proses wat vooraf beskryf is om die vereistes vir inhoudsgeldigheid te bevredig, is elke item dus geëvalueer op grond van die relevansie daarvan en die statistiese prestasie met betrekking tot die spesifieke konstruksie wat dit veronderstel is om te meet. Die resultate ten opsigte hiervan dui dus gevolglik aan dat die vraelys wel die konstruksie meet wat dit veronderstel is om te meet.



6.2 KONSTRUKGELDIGHED

Nadat aanvanklike faktorontleding gedoen is met spesifisering van ses faktore, het die Klerklik-Administratiewe en Besigheid- en Bestuur-veld in een faktor gemanifesteer. Sewe faktore is in 'n volgende ontleding onttrek wat daartoe gelei het dat die twee komponente wel apart gefigureer het. Die sewe faktore kan redelik duidelik beskryf word, naamlik

- Mens-Kommunikasie
- Medies-verwant
- Tegnies-Wetenskaplik
- Prakties-Handwerk
- Artisties
- Besigheid en Bestuur
- Klerklik-Administratief.

Tracey en Rounds (1996) impliseer ook die moontlikheid dat daar 'n uitbreiding van die R-I-A-S-E-C tipes mag voorkom. Hulle redeneer dat alhoewel die R- en S-tipe duidelik deur die Mense-Dinge dimensie gedefinieer word, daar nie duidelikheid bestaan oor die definiëring van tipes deur die Data-Idees dimensie nie. Die E- en C-tipe dra min of meer gelyk by tot die verklaring van Data, terwyl die A- en I-tipe min of meer dieselfde bydrae lewer tot die verklaring van Idees. Volgens hulle kan 'n model met agt tipes moontlik 'n duideliker voorstelling bied. Vier van die tipes sal voorbeelde wees van Mense, Dinge, Idees en Data, terwyl die orige vier sal voorgestel word as Mense-Idees, Mense-Data, Dinge-Idees en Dinge-Data. Daar moet egter daarop gelet word dat sewe of agt tipes nie noodwendig beter as die bekende ses tipes sal wees nie.

6.3 BETROUBAARHEID

Die betroubaarheidsindekse van die universum seuns en meisies van al drie taalgroepe wissel tussen 0,71 en 0,86 en is van dieselfde orde as dié wat gerapporteer word ten opsigte van die Suid-Afrikaanse SDS (wissel tussen 0,77 en 0,88) en die SABBV (wissel tussen 0,76 en 0,92). Slegs die betroubaarheidskoëffisiënte van die W_2 -veld was laer (0,69) as 0,71 vir Engels eerste taalsprekers, terwyl die betroubaarheidsindekse van die P_1 , P_2 , P_3 , S_1 en B_3 vir Engels tweede taalsprekers laer waardes as 0,71 getoon het. Vir Afrikaans eerste taalsprekers was die betroubaarheidskoëffisiënte van al die velde hoër as 0,71. 'n Hertoetsing is na 8 weke gedoen op 'n groep van 197 Engels tweede taalsprekers. Die betroubaarheidsindekse van die hertoetsing het getoon dat dit wissel tussen 0,69 en 0,86 vir al die velde van die LVV, uitsluitend P_1 (seuns: 0,56 en meisies: 0,49). Dit wil dus voorkom asof hierdie veld se vermoë om herhaaldelik dieselfde resultate te verseker, twyfelagtig is. Die toets-hertoets betroubaarheidskoëffisiënte is egter min of meer van dieselfde orde (P_1 uitgesluit) as dié van die Suid-Afrikaanse SDS wat wissel tussen 0,57 en 0,85.

Die betroubaarheidskoëffisiënte van die universum kan gevolglik as bevredigend aanvaar word indien die vraelys saam met ander relevante aanduiders in loopbaanvoorligting gebruik word.

6.4 STRUKTUUR VAN BELANGSTELLINGS

Die resultate van die ewekansigheidtoets, wat die hipotetiese verhoudings ten opsigte van die ordening meet en 'n aanduiding van die struktuur van belangstellings daarstel, het aangetoon dat die data van die onderzoekgroep nie Holland se model pas nie. Die ruimtelike voostelling van die R-I-A-S-E-C ordening vir die groep wat ondersoek is (swart leerders), het ook getoon dat die sirkelvormige ordening waarop die model geskoei is, nie behaal kon word nie. Dit is in ooreenstemming met bevindinge van 'n internasionale studie (Rounds & Tracey, 1996) wat in die verband gedoen is. Die afleiding word dus gemaak dat kulturele waardes 'n invloed kan uitoefen op die manier hoe individue hulself in die wêreld van werk sien en plaas. Die moontlikheid bestaan dus dat hierdie verskille in waardes kan manifesteer in die verskil in betekenis ten opsigte van beroepsbelangstellings. Hier in Suid-Afrika is ook nog eiesoortige realiteite genoem wat verklarings kan bied vir die swak passing van die data ten opsigte van die ordening van die tipes. Die hoë werkloosheidsyfer kan moontlik die tendens verklaar dat die respondente oorwegend positief op die meeste items reageer. Dit kan ook moontlik 'n gevoel van hoop weerspieël dat indien hulle positief op al die items reageer, dit hul kans om 'n werk te bekom, mag verbeter – dit word ondersteun deur 'n studie wat aangetoon het dat die meeste werkloos enige werk sal aanvaar, ongeag hulle tipes belangstellings, eerder as om nie werk te hê nie (Erasmus, 1999). 'n Ander rede vir die swak passing van die data by die model kan moontlik toegeskryf word aan 'n taalfaktor - die respondente het die gepaste vraelys in Engels gedoen, terwyl dit hulle tweede en in sommige gevalle selfs derde taal is.

Hierdie studie het die volgende tekortkominge wat moontlik in verdere navorsing aangespreek kan word: a) die tweede steekproef vir die finale itemontledingsproses was slegs 'n gerieflikheidssteekproef; b) die SDS-resultate is slegs met Holland se model vergelyk en kon ook met alternatiewe strukture van beroepsbelangstellings, soos byvoorbeeld dié van Gati, vergelyk word; en c) die SDS en LVV was nie in die moedertaal van al die respondente beskikbaar nie.

6.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Die volgende temas vir moontlike verdere navorsing het na vore gekom tydens die studie en die voorbereiding van die dissertasie:

- Die LVV asook die SDS kan moontlik vertaal word in ander inheemse Suid-Afrikaanse tale om sodoende te bepaal wat die rol van 'n eerste taal speel met betrekking tot die meting van beroepsbelangstelling en die begrip van verwante konsepte;
- Die moontlikheid kan ondersoek word om 'n eie inheemse en kultuurverwante model of teorie ten opsigte van loopbaankeuses te ontwikkel;
- 'n Studie kan onderneem word om die relatiewe relevansie van beroepsbelangstellings ten opsigte van verwante faktore in loopbaanbesluitneming te bepaal; en
- 'n Studie kan onderneem word om die determinante te bepaal wat 'n invloed uitoefen op die persepsies van individue ten opsigte van beroepsbelangstellings en die wêreld-van-werk in Suid-Afrika.

6.6 SLOTOPMERKING

Die onderhawige studie het getoon dat die ontwikkeling en validering van die LVV vir insluiting in 'n rekenaargebaseerde loopbaaninligtingstelsel blyk van nut te wees vir adolessente en jong volwassenes wat loopbaanbesluite moet neem. Sewe dimensies van beroepsbelangstellings het met hierdie vraelys gefigureer. Die struktuur van beroepsbelangstellings soos deur J.L. Holland voorgehou, word nie by Suid-Afrikaners gevind nie.